

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 12 Desember 2021

VOTUM EN SEËNGROET:

Aan die gemeente van God,
wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en
geroep het om aan Hom te behoort,
en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees,
wat die Naam aanroep van Jesus Christus,
hulle Here en ons Here.
Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

SKRIFLESING EN GEBED:

Tema: Laaste Psalm van Dawid: totdat Shiloh kom (Toekomsvisie)

Teks: 2 Samuel 23: 1 - 7

In 2 Samuel 21:15- 23:39 kry ons die laaste verwysing na die lewe van koning Dawid:
struktureer

- Oorloë teen die reuse; (2 Sam. 21:15-22)
- Gedig wat in Psalm 18 opgeneem is; (2 Sam. 22:1-51)
- Dawid se laaste Psalm; (2 Sam. 23:1-7).
- Dawid se oorlogshelde; (2 Sam. 23:8-39).

Uit die konstruksie word dit duidelik dat Dawid God se “warrior-king” en inspirerende musikant was, wat die koninkryk van Israel deur oorloë moes vestig.



Ons kyk vanoggend na die laaste Psalm van Dawid, waarin daar onder andere 'n verwysing is na die finale koninkryk van die Messias wat uit die geslag van Dawid gaan kom.

1. DAWID VERWYS NA SY STAMBOOM. (23:1)

- Dit is Dawid seun van Isai wat praat: Kaleb, Juda, Jakob, Serubbabel en later Christus.
- **Profesie: Genesis 49:8-10.** “Juda, dit is jy vir wie jou broers sal eer: jy sal jou vyande onderwerp en jou broers sal voor jou buig. Jy is 'n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap.
- Jy rek jou uit, jy gaan lê rustig soos 'n leeu, soos 'n leemannetjie wat deur niemand opgejaag word nie.
- Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer **totdat Shiloh** kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.”

2. DAWID VERWYS NA SY STATUS. (23: 1B,2)

- **Van herder tot koning.**

Dit is 'n man wat praat, een wat hoog geplaas is, die gesalfde van die God van Jakob,

2 Samuel 7:8-11.

- “Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers.
- Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg.
- Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde. Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon.

- **Inspirende en beroemde digter en sanger**

Die gevierde (**Hebr.** Israel's sweet singer of songs) in die liedere van Israel: Die Gees van die Here het deur my gepraat, ja, sy woord was op my lippe.

3. DIE VESTIGING VAN DIE KONINGSHUIS VAN DAWID: CHRISTUS. (23:5)

- **Koningskap.** God het my koningskap goed gevestig, Hy het aan my 'n verbond vir altyd gegee, behoorlik opgestel en goed bewaar.



- **2 Samuel 7:8-16.**

- Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee.
- Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. Jou koningshuis **en jou koningskap** sal vir altyd vas staan; **jou troon** sal altyd voortbestaan."
- **Vervulling van profesie. Totdat Shiloh kom: die Christusryk.** Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?" Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak." (Openbaring 5)

-

4. DIE KENMERKE VAN DIE KOMENDE KONING: CHRISTUS (23:3,4)

- **Regverdig en eerbiedig.** Die God van Israel het gepraat; Die Rots van Israel het vir my gesê: 'Hy wat regverdig oor mense heers, wat regeer in eerbied teenoor God,
- **Opkomende son.** Hy is soos die môrelik as die son opkom op 'n oggend sonder wolke;
- **Vars reën.** Dit skitter na die reën; die gras skiet op uit die grond.'
- **Finale belydenis.** Al my hulp, al my vreugde, dit kom van Hom af.

Die einde van die seuns van Belial. Maar die goddelose is soos doringtakke wat alles weggegooi word; niemand vat met die hand daaraan nie. ⁷Wie daarmee werk, doen dit met yster of hout. In 'n vuur brand hulle heeltemal uit: die poel van vuur. (Openbaring 20). **Amen!**

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!



OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Vandag se erediens is geborg deur:

 The Growing Business

 Anton du Plessis



anton@thegrowingbusiness.co.za 

082 574 0543 

THE GROWING BUSINESS



www.thegrowingbusiness.co.za

